# Fokus

*Fokus* is ’n rubriek waarin artikels van ’n meer populêr-wetenskaplike aard gepubliseer word. Artikels wat vir hierdie rubriek aan die redaksie voorgelê word, moet voldoen aan dieselfde tegniese vereistes as navorsingsartikels (kyk asseblief die *Voorskrifte vir skrywers*). Bydraes vir *Fokus* word aan ’n interne keuringsproses onderwerp en kwalifiseer nie vir subsidie nie.

## Inhoudsopgawe


*J.H. van Wyk*

350 jaar gereformeerd: gestaltes en uitdagings – ’n blik vanuit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) 557

**FOKUS**

# 350 jaar gereformeerd: gestaltes en uitdagings – 'n blik vanuit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA)[1]

J.H. van Wyk
Navorser: Skool vir Kerkwetenskappe
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
E-pos: amievw@intekom.co.za

**Abstract**

**350 years reformed: Configurations and challenges – a perspective from the GKSA**

*In this presentation the author aims at an explanation and evaluation of the contribution the GKSA has made over a period of more than 100 years. Positive as well as negative configurations are examined, followed by an elaboration of the great challenges facing the church of Christ today. The author concludes with a reminder that the church can only function meaningfully and fulfil its call in South Africa if this is done within the broad paradigm of the kingdom of God.*

**Opsomming**

**350 jaar gereformeerd: gestaltes en uitdagings – 'n blik vanuit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA)**

*In hierdie voordrag stel die outeur hom ten doel om die bydrae van die GKSA oor die afgelope meer as 100 jaar te verduidelik en te evalueer. Positiewe sowel as negatiewe gestaltes word ondersoek, gevolg deur 'n bespreking van die groot uitdagings wat die kerk van Christus vandag in die gesig staar. Die skrywer sluit af met 'n herinnering daaraan dat die kerk slegs sinvol kan funksioneer en sy roeping kan vervul indien dit gedoen word binne die breë paradigma van die koninkryk van God.*

1 Voordrag op 22 April 2002 aan die Universitieit van Pretoria gelewer tydens die herdenking van die 350-jarige reformatoriese erfenis in Suid-Afrika.

# 1. Inleiding

In sy formuliergebed van 6 April 1652 verwys Jan van Riebeeck na die "gereformeerde Christelike leer", maar dit is bekend dat Katolieke seevaarders reeds voor hom aan die suidpunt van Afrika voet aan wal gesit het. Bartolomeus Dias het reeds in 1488 en Vasco da Gama in 1497 die suidpunt bereik, maar hulle aanraking met Afrika sou nie in 'n verversingspos of kolonie ontwikkel nie. 'n Mens kan slegs spekuleer oor die vraag hoe Suid-Afrika vandag daar sou uitgesien het indien nie die gereformeerd-Christelike leer nie, maar wel die Katoliek-Christelike leer hier sou ontwikkel het.

Of almal met die volgende stelling van Van Jaarsveld (1971:3-4) sal saamstem, kan betwyfel word:

> Waar die Katolieke vaste voet in ander kontinente gekry het, is meesal tot bloedvermenging met die inboorlinge oorgegaan; waar die Protestantse mense lande gekoloniseer het, het hulle hul ooreenkomstig Calvinistiese beginsels as uitverkorenes beskou ... Waar die Protestantisme, veral die Calvinisme, vaste voet in ander kontinente verkry het, is daar nie tot bloedvermening oorgegaan nie ...

Hoewel die GKSA eers in 1859 ontstaan het, was hierdie kerke tog op 'n manier diep betrokke by die gebeure van 6 April 1652. Dit blyk onder andere uit die GKSA se noue aansluiting by die Bybel as Woord van God, die drie bekende gereformeerde belydenisskrifte (NGB, HK, DLR) en die Dordtse Kerkorde. Wat Jan van Riebeeck 350 jaar gelede na die Kaap gebring het, was immers niks anders nie as die teologiese en kerklike produkte van die sestiende-eeuse Reformasie waarvan Luther en Calvyn die hooffigure was. Die hooftemas van hierdie Reformasie kan baie kort saamgevat word in die bekende vyf solismes (alleenuitsprake), naamlik: aan God alleen die eer (*soli Deo gloria*), Christus alleen (*solo Christo*), genade alleen (*sola gratia*), geloof alleen (*sola fide*) en die Skrif alleen (*sola scriptura*). En nie te vergeet nie: die gereformeerde kerk is 'n altyd reformerende kerk (*ecclesia reformata semper reformanda*).

Die groot vraag waarvoor ons vandag staan, is of die gereformeerde kerke in Suid-Afrika in die algemeen, en die GKSA in die besonder, getrou was aan die hoë ideale van hierdie geloofstradisie, of was daar dalk inherente tekortkomings in hierdie tradisie wat 'n nadelige uitwerking op die Suid-Afrikaanse samelewing uitgeoefen het? Waarom, sou 'n mens kon vra, was juis Katolieke biskoppe van die eerste mense wat in 1952 in 'n pastorale brief teen die gevare van apartheid gewaarsku het?

Wat die GKSA betref, sal uiteraard veral op die periode 1859-2002 gefokus word, 'n periode dus van 143 jaar. In hierdie periode het veral

drie persone uit die GKSA besondere bekendheid verwerf, naamlik Paul Kruger (1825-1904), staatspresident van die ZAR, J.D. du Toit (Totius) (1877-1953), bekende teoloog, Bybelvertaler en Psalmberymer, en F.W. de Klerk, die laaste blanke staatspresident van die RSA. Hiermee word natuurlik nie ontken dat ook ander persone belangrike bydraes gelewer het nie, soos byvoorbeeld Dirk Postma (1818-1890), "stigter" van die GKSA, F. Postma (1879-1950), rektor van die PU vir CHO en W.J. Snyman (1899-1981), Nuwe-Testamentikus van die TSP.

Vir 'n sinvolle hantering van ons onderwerp, gaan ek vervolgens aandag bestee aan 'n aantal positiewe gestaltes in die bydrae van die GKSA, daarna aan negatiewe gestaltes (of defekte), om uiteindelik te wys op die uitdagings waarvoor ons (almal) staan.

## 2. Positiewe gestaltes

As die kleinste van die drie tradisionele Afrikaanse kerkgemeenskappe kan verwag word dat die bydrae vanuit die GKSA waarskynlik die kleinste sal wees. Waarnemers is egter van mening dat die invloed en bydrae buite verhouding groter is as wat die lidmaatgetalle suggereer.

### 2.1 'n Teologie van die koninkryk

Stel 'n mens ondersoek in na die vraag of teoloë uit die GKSA enige noemenswaardige bydrae gemaak het tot die uitbou van die reformatoriese teologie in Suid-Afrika, moet met 'n mate van teleurstelling geantwoord word. Daar is nie juis iets wat ten opsigte van omvang en gehalte vergelyk kan word met die (dogmatologiese) werke van byvoorbeeld J.A. Heyns, W.D. Jonker en A. König nie. Tog is dit interessant dat daar vanuit die GKSA 'n bepaalde invloed op byvoorbeeld Heyns en Jonker uitgegaan het. Heyns (1979:230) erken openlik dat dit juis in Potchefstroom was dat "iets van die geweldige diepte en krag van die Calvinisme vir my die eerste keer deurgebreek het". Jonker (1998:56) weer wys op die invloed wat W.J. Snyman op sy kerkbeskouing en daarmee op dié van die NGK gehad het (kerkeenheid oor kultuurgrense heen).

As in hierdie verband een aspek uitgelig kan word waarin ek meen dat teoloë uit die GKSA 'n bydrae gemaak het, afgesien van die feit dat die gereformeerde teologie van meet af 'n sterk *konfessionele* karakter gedra het (vir sommige selfs tot op die punt van fundamentalisme), dan is dit die aandag wat gevra is vir die *koninkryk van God* as 'n sentrale teologiese tema (vgl. slegs Du Toit *et al.*, 1969). Die Ou-Testamentikus, S. du Toit (en later J.L. Helberg), het in aansluiting by John Bright se *The kingdom of God* (1953) en W.J. Snyman (en later L. Floor) in aansluiting

by H.N. Ridderbos se *De komst van het koninkrijk* (1950) die Ou-testamentologie en Nuwetestamentologie vanuit hierdie perspektief benader.[2] Daarmee is erken dat die eskatologie nie maar verskuif kan word na ’n slotdeeltjie in die dogmatiek nie, maar dat dit – saam met die verbond – ’n sentrale tema van elke aspek van die teologie uitmaak. Hierdie benadering het ek persoonlik as ’n bevryding ervaar en (in veral die etiek) vrugbaar probeer benut.

Om vir ’n oomblik af te dwaal: uit bogenoemde sal wel duidelik wees dat ek ’n koninkryksteologie baie positiewer beoordeel as wat Olivier gedoen het. Hy (1997:111) het kritiek uitgespreek teen ’n “koninkryk van God-teologie wat in die sewentiger- en tagtigerjare hoogty gevier het in Ned Geref kringe”; hierdie teologie het – volgens Olivier – “’n uiters eensydige opvatting oor Christus se koningskap die kerklike wêreld ingestuur ” en ook te triomfantalisties en te sanksionerend (ten opsigte van die *status quo*) gefunksioneer, asook te weinig maatskappykrities. As ’n mens egter let op die belangrike rol wat die koninkryk van God in die teologie van Heyns gespeel het én na die ontwikkeling van sy latere politieke etiek, sou maklik tot ’n teenoorgestelde konklusie geraak kon word.

’n Mens sou natuurlik met reg die vraag kon stel of die *verbond* nie minstens net so ’n sentrale teologiese tema as die koninkryk is nie. Hierop sou ek wou antwoord dat die Gereformeerde teologie inderdaad ook as verbondsteologie getipeer kan word en dat oor hierdie twee temas nie as kontrasterende, maar as komplimenterende temas, gedink behoort te word: die verbond is die innerlike gestalte van die koninkryk en die koninkryk is die uiterlike gestalte van die verbond.

## 2.2 ’n Lewende ekumeniese bewussyn

Dit is opvallend dat die GKSA – as kerk van die “afskeiding” – van meet af aan ’n groot ekumeniese belangstelling geopenbaar het en steeds doelgerig in hierdie rigting gewerk het. Ek gee vier voorbeelde waaruit die ekumeniese entoesiasme van die GKSA na my mening duidelik sigbaar word. Hierop het die ekklesiologie van W.J. Snyman ’n diep-gaande invloed uitgeoefen.

- **Die interkerklike gesprek**

Die eerste handel oor die ontstaan, onderhouding en ontvouing van die interkerklike gesprek tussen die drie Afrikaanse kerke. Die GKSA was vanuit die staanspoor diep betrokke by die gesprek, met die uitdruklike standpunt dat kerklike verskeurdheid niks anders as sónde is nie (GKSA,

2 Ook J.A. Heyns (1994:163, 179) gee toe dat hy diepgaande deur hierdie benadering beïnvloed is.

1964:197) en dat gevolglik "die eenheid van die uitwendige kerk 'n goddelike eis en opdrag is" (GKSA, 1958:79). (Ek verwys later weer hierna.)

- **Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode**

As tweede voorbeeld kan verwys word na die ontstaan van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (later genoem Raad) in 1946, grotendeels op inisiatief van die GKSA[3] (GKSA, 1942:87-89). Die een kerk van Christus mag nie deur lands- of nasionale grense beperk word nie, maar moet ook wêreldwyd (ekumenies) tot openbaring kom in 'n kerkvergadering (soos tewens ook in die beroemde brief van Calvyn aan Cranmer verwoord is). Dat die GES/R nooit tot 'n besluitnemende kerkvergadering ontwikkel het nie, maar steeds adviserende besluite geneem het, het 'n deurlopende debatspunt gebly, maar sy invloed op deelnemende kerke nie ingrypend verminder nie. Dat die GKSA egter vanweë bepaalde (debatteerbare) verskilpunte sy deelname aan die GES in 1991 onttrek het, was 'n baie pynlike gebeurtenis. Ek is egter daarvan oortuig dat die GES 'n blywende invloed (ten goede) op die GKSA uitgeoefen het, veral ten opsigte van kerk- en rasseverhoudings.

- **Die Algemene Sinode vandie GKSA**

As derde voorbeeld kan verwys word na die ontstaan van die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika, 'n sinode wat sedert 1965 – tydens die hoogbloei van apartheid – vergader het en saamgestel was uit die vier nasionale/etniese sinodes van die Gereformeerde Kerke (een wit, twee swart en een bruin sinode) – weereens onder inspirasie van W.J. Snyman, iemand vir wie sinodale grense nie etnies of kultureel bepaal kon wees nie. Toegegee, dit was 'n oefenlopie in kerkeenheid wat nog sterk deur volksteologiese sentimente en ondertone (etniese sinodes) gekenmerk is, maar dit was minstens 'n poging om rasse-, volks- en kulturele grense te oorbrug en só iets van kerkeenheid en versoening sigbaar te demonstreer. (Ongelukkig het die [swart] Sinode Soutpansberg sy deelname in 1988 gesuspendeer en het die laaste [buitengewone] algemene sinode in 1992 laas vergader.)

- **Die eenwording van die Teologiese Skole**

'n Vierde en laaste voorbeeld van kerkeenheid waarna verwys kan word, is die eenwording van die drie teologiese skole (Potchefstroom, Hammanskraal en Heidelberg) in 1995, as gevolg waarvan alle swart en wit Gereformeerde predikante gesamentlik opgelei en toegerus word.

3 O'Brien Geldenhuys (1982:98) se opmerking dat ook die NGK by die ontstaan asook die eerste vergadering van die GES betrokke was, is foutief.

(Dat hierdie opleiding tans onder druk verkeer, is 'n ander verhaal, maar weereens doen dit nie afbreuk aan 'n daadwerklike poging tot teologiese samewerking nie.) Dat die TSP in hierdie proses 'n aantal Kongolese predikante kon oplei en toerus vir die Gereformeerd Konfessionele Kerke in die Demokratiese Republiek van die Kongo was 'n buitengewone geleentheid en voorreg.

Hoewel met reg gesê kan word dat die GKSA nie die volle suigkrag van die ideologie van apartheid kon ontsnap nie, kan daar in 'n bepaalde sin tog aangevoer word dat van die drie Afrikaanse kerke die GKSA die meeste daarin geslaag het om die grootste distansie tussen kerk en apartheid te handhaaf. Alan Maker (2001:196-197), 'n Presbiteriaanse predikant van Johannesburg, het in 'n voordrag te Princeton op 8 November 2000 selfs die mening uitgespreek dat die NGK, vanweë sy diep betrokkenheid by apartheid, nie 'n persoon soos F.W. de Klerk kón oplewer wat apartheid sou beëindig nie, maar die Doppers wél. Ook Beyers Naudé (1985:172-173) het by geleentheid opgemerk dat van die drie Afrikaanse kerke die Gereformeerde Kerke "het meest serieus de waarheid van het Evangelie ten opzichte van rassenverhoudingen en mensenrechten (te) laten doorklinken". Waarskynlik is hierdie opmerkings te vleiend vir die GKSA, maar dit verreken minstens die feit dat die Doppers nie altyd gemaklik was met apartheid nie en voortdurend kritiese vrae oor veral die implementering daarvan gestel het.

## 2.3 Voortdurende belangstelling in onderwys

Die teologie van die GKSA het vir baie lank met die (teologies omstrede) kerkmodel van A. Kuyper gewerk waarvolgens die "kerk as instituut" sy dinge op Sondae doen en die "kerk as organisme" (d.w.s. Christelike organisasies) sy dinge op Maandae tot Saterdae. Christelike organisasies was nodig omdat die hele lewe en die volle kultuur gekersten moes word sodat geen duimbreed van die lewe aan die heerskappy van Christus onttrek sal word nie. In wese is hierdie ideaal dieselfde as die teokratiese ideaal van Calvyn, maar nou net in Kuyperiaanse gewaad. Dit is seker ook nie toevallig nie dat die eerste vertaling (in verkorte vorm) van J. Calvyn se *Institusie* (in 1967/1978) deur 'n gereformeerde predikant (ds. A. Duvenage) en die volledige vertaling van die *Institusie* deur 'n Potchefstromer (H.W. Simpson) onderneem is (1984-1991).

Duidelike uitvloeisels van hierdie benadering is die Potchefstroomse Universiteit vir CHO, talle (vroeëre en nuwe) Christelike privaatskole asook die Gereformeerde Stigting (tans Residentia Stigting) vir bejaarde- en jeugsorg in die middestad van Pretoria. Ten tye van minister Jan de Klerk se dienstydperk is selfs van staatsweë (in 1967) 'n poging aangewend om ons hele skoolstelsel op Christelike grondslag te plaas.

Ook van die PU vir CHO, wat uit die teologiese skool (TSP) van die GKSA ontwikkel het, kan nie gesê word dat dit ’n ongemengde suksesverhaal van Christelike wetenskap (of ’n Christelike benadering tot die wetenskap) vertel nie; tog kan ook in hierdie geval nie ontken word dat dit ’n poging was (en is) om die omvattende heerskappy van Christus oor alles, waaronder ook die wetenskap, sigbaar te probeer maak nie.

## 2.4 ’n Sterk politieke bewussyn

Kuyper het in sy kersteningstaak van die Nederlandse samelewing vier nuwe bewegings begin: ’n nuwe politieke party, ’n nuwe dagblad, ’n nuwe universiteit en (in ’n bepaalde sin) ’n nuwe kerk. Dat die Doppers hom in net twee hiervan nagevolg het (universiteit en blad) en nie ’n nuwe politieke party (op Christelike grondslag) ontwikkel het nie, is moeilik verklaarbaar, behalwe as in gedagte gehou word dat die Afrikaanse Calvinistiese Beweging (ACB, later REBSA), met sy maand-blad, *Woord en Daad*, asook die Instituut vir Reformatoriese Studies (IRS, voorheen IBC) onder leiding van Bennie van der Walt, in ’n mate hierdie funksie vervul het en weldra bekend sou staan as “die stem van Potchefstroom”. L.J. du Plessis, J.H. Coetzee en L.M. du Plessis het hierin ’n belangrike rol gespeel en algaande skerper kritiek teen die ideologie en veral die implementering van apartheid begin uitspreek. (J.D. van der Vyver het dieselfde gedoen, maar hy behoort aan die NHKA). In hierdie verband het W.A. de Klerk (1976:342) opgemerk dat in Potchefstroom “probably more of the original Calvin has survived than anywhere else”, ’n uitspraak waarmee Jaap Durand (1985:50) klaar-blyklik saamstem: “Especially in the academic circles of Potchefstroom and the Reformed Church (Gereformeerde Kerk) the shift from an apartheid theology to a less apartheid-orientated and more critical theology is evident.”

Die *Koinonia*-verklaring van 1977, met sy kritiese opmerkings oor apartheid, asook die *Skuldbelydenis* van die vier Potchefstromers in 1997 moet binne hierdie konteks gesien en verstaan word.

Die feit dat F.W. de Klerk as produk van die Potchefstroomse denke instrumenteel was in die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika, mag seker nie onvermeld bly nie. In sy outobiografie, *Die laaste trek – ’n nuwe begin* (De Klerk, 1998:59, 167, 178), maak hy herhaaldelik melding van watter belangrike rol die morele beginsel van *geregtigheid* toe-nemend in sy politieke denke begin speel het en uiteindelik deurslag-gewend was in sy aanvaarding van ’n nuwe demokratiese bedeling (so ook by W.J. de Klerk, 1991:25, 159).

Chris Louw (2001:161, 228-231) se skerp kritiek teen die Potchefstroomse Calviniste kon aan betekenis gewen het indien hy enersyds groter selfkritiek oor sy eie vertraagde aksie gelewer het (hy was tot in 1986 nog by Perskor betrokke (134, 140) en het eers later die lig in Londen gesien (141, 145-146, 176)), en andersyds billiker erkenning verleen het aan die Potchefstromers se eerlike soeke na 'n politieke uitweg en hulle bydrae tot 'n politieke oplossing vir die landsvraagstukke.

Nadat ek bogenoemde gedeelte geskryf het, het dit vir my alte veel na 'n kritieklose loflied op die Doppers begin klink en het ek al meer begin besef dat in 'n laer toonaard gesing moet word. Daar is immers min mense op aarde wat met 'n groter sondebesef groot word as juis Gereformeerdes. Ook Gereformeerde Christene het niks om op te roem nie, behalwe op die genade van God – en wat hulle hier en daar vermag en bereik het, is alles genade. Dus haas ek my om by die volgende punt te kom, naamlik die defekte en tekortkomings.

## 3. Negatiewe gestaltes

Afgesien van talle defekte, tekortkomings, mislukkings, en nalatighede ten opsigte van kerkwees in die algemeen, gaan ek veral op twee daarvan in die besonder fokus.

### 3.1 'n Onderontwikkelde sendingbewussyn

Die eerste is die onvoldoende (en soms gebrek aan) sendingywer. Nie dat daar glad nie sending gedoen is nie – Dirk Postma was byvoorbeeld 'n groot sendingentoesias – en dat daar nie 'n hele aantal swart Gereformeerde gemeentes uit die sendingwerk ontstaan het nie, maar die sendingwerk was in 'n groot mate beperk tot enkele entoesiastiese sendelinge (soos onder andere H. du Plessis en J.A. van Rooy) en 'n aantal gemeentes. Daar was nie sprake van een massale sendingbewussyn en sendingywer in die GKSA nie. Die feit dat daar na dekades se kerkwees in Kenia geen inheemse Gereformeerde gemeente agtergelaat is nie, lewer hiervan die hartseer bewys. Van die Afrikaanse kerke troon die sendingywer wat in die NGK ontplooi is, ver bo dié van die ander uit, 'n feit wat Willie Jonker eenmaal laat opmerk het dat al het die NGK ook hoeveel tekortkomings, hy nooit die NGK sal kan afskryf nie – vanweë dié kerk se besondere sendingbewussyn.

### 3.2 In die maalkolk van 'n politieke ideologie

Die tweede defek wat vermeld moet word is dat die GKSA, ondanks 'n kritiese distansie ten opsigte van die heersende politiek gedurende spesifieke eras, en die afwysing van 'n volkskerk en 'n volksteologie,

hom nie volkome kon ontworstel aan die suigkrag van 'n politieke ideologie nie. Die voordrag van Totius (Du Toit, 1977:330-343) in 1944 in Bloemfontein oor "Die godsdienstige grondslag van ons rassebeleid", waarin hy sterk met die skeidingsmodel gewerk het, het vir lank die rigting bepaal waarin daar in die GKSA oor rasseverhoudings geoordeel sou word. Ter versagting kan vermeld word dat Totius hom in sy politieke sienings sterk laat lei het deur idees van dr. F.G. Badenhorst en ds. J.G. Strijdom, en later ook deur dié van prof. E.P. Groenewald en dr. G. Cronje (vgl. Van Wyk, 1993:41-42), maar daar kan van 'n Gereformeerde teoloog verwag word om die maatstaf van die evangelie skerper aan te lê as wat Totius in hierdie geval gedoen het. W.J. Snyman sou hierop in die vyftiger- en sestigerjare van die vorige eeu bepaalde korreksies aanbring, maar die skeidingsmodel sou vir 'n lang tyd die botoon voer bo die versoeningsmodel. Vermelding verdien egter die feit dat die Sinode van 1991 besluit het dat "die ideologie van apartheid ... 'n sonde is en die Skriftuurlike regverdiging daarvan 'n dwaling" (GKSA ,1991:160, 169) – al was hierdie formulering (effens onopsigtelik) deel van 'n deputate-rapport.

Dit bly een van die groot raaisels van die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis hoe dit moontlik kon wees dat die Gereformeerde teologie nie vinniger, indringender en omvattender kon insien nie dat die ideologie van apartheid, *soos ontwerp en toegepas in Suid-Afrika* (want in die Midde-Ooste mag 'n bepaalde vorm van apartheid dalk vandag die enigste oplossing wees), met byna alle aspekte van die evangelie van Christus en die Christelike etiek in stryd en daarom verwerplik is. Ek het op 'n ander plek meer hieroor geskryf (Van Wyk, 2001:358-361) en kan dus nie breedvoeriger hierop ingaan nie. Ek maak hier slegs die kort opmerking dat hierdie defek nie maar 'n "klein glipsie" was nie en dat dit die Gereformeerde teologie (juis as *Skriftuurlike* teologie) groot skade berokken het en dat dit nog lank gaan neem om hierdie oorsig en misstap kerklik en teologies te verwerk. 'n Mens skud jou slegte verlede nie sommer so een-twee-drie van jou af nie – dit kan ons van Paulus (vgl. 1 Kor. 15:9; Fil. 3:6) en Augustinus (vgl. sy *Confessiones)* leer. Mens kan alleen hoop en bid dat die kerk die duur les sal leer om nooit weer polities en ideologies verblind te word nie.

## 4. Uitdagings

'n Mens sou 'n lang lys van uitdagings kon saamstel waarvoor elke kerk in Suid-Afrika vandag te staan gekom het, maar ek gaan net vier daarvan uitlig.

### 4.1 Die uitdaging ten opsigte van die apostolisiteit van die kerk

"Apostolisiteit" is nogal 'n groot woord, maar dit verwys eenvoudig na een van die eienskappe van die kerk wat tans grootliks in gedrang is. Apostolisiteit wil sê dat die kerk rus op die fondament van die getuienis van die apostels aangaande die groot heilsfeite van Jesus Christus, veral ten opsigte van sy kruis en opstanding. Die vroegste gemeente het volhard in "die leer van die apostels" (Hand. 2:42) en toe Mattias as nuwe apostel in die plek van Judas gekies moes word, was daar net een kriterium wat aangelê is: "Daar moet dus nog 'n getuie van Jesus se *opstanding* by ons gevoeg word" (Hand. 1:21; vgl. 4:33, 10:40-41). Die kerk rus op "die fondament van die apostels en profete" (Ef. 2:2), op die belydenis van die apostel Petrus dat Jesus die Messias en Seun van God is (Matt. 16:18) asook dat Jesus die Here is (1 Kor. 12:3). Dit val ook op dat daar na die dood van die apostel Jakobus (Hand. 12:2) geen nuwe apostel verkies is nie – behalwe natuurlik vir die buitengewone roeping van Paulus, wat onder andere sy apostoliese gesag daarmee verdedig dat hy die lewende en opgestane Christus gesien het (1 Kor. 9:1, 15:8).

Waarom is die apostolisiteit van die kerk vandag belangrik? kan gevra word. Die antwoord is eenvoudig: hierdie eienskap van die kerk is tans meer as ooit in gedrang. Die hele debat rondom die Nuwe Hervorming, die Jesus-seminaar en die herwaardering van die *Evangelie van Tomas,* het die vraag na die apostolisiteit van die kerk in die kollig geplaas. Die diskoers hieroor is geopen met Piet Muller se artikel in *Beeld* (25 Jan. 2002) oor 'n Nuwe Reformasie, gevolg deur Murray Janson se skerp reaksie daarop (*Beeld,* 13 Feb. 2002). In hierdie debat word die tradisionele Christologie, soos deur die apostels van Jesus oorgedra, op die weegskaal geplaas – en in vele opsigte te lig bevind. In die nuwe benadering val Paulus se interpretasie van die kruis as soenoffer vir die vergewing van sondes weg, terwyl die opstanding van Jesus, wat so 'n deurlopende en sentrale tema in die Nuwe-Testamentiese verkondiging is, as deel van die mitologiese wêreldbeeld wegverklaar word. Wat oorbly, is 'n sterk gereduseerde Jesus, 'n Jesus met mooi preke en 'n vroom lewe, maar nie meer Verlosser en Middelaar nie. 'n Mens kan moeilik aan die indruk ontkom dat die Jesus van die Jesus-seminaar net 'n groot Profeet is en nie meer ons enigste Hoëpriester en ewige Koning nie, met ander woorde 'n sterk gereduseerde Jesus (vgl. HK 12:31).

Maar 'n Jesus wat nie meer bose magte (soos sonde, demone en dood) oorwin nie, wat nie meer van sondes verlos nie, wat nie meer die mens met God versoen en die mens se verhouding met God herstel nie, is nie meer die volle Jesus soos die apostels Hom (as Christus en Here) verkondig het nie. Dit sal minder verwarrend wees (en waarskynlik ook

eerliker) indien teoloë wat die moderne (of modernistiese) paradigma volg, hulleself eerder Jesus-volgelinge ("Jesuïete") as Christene noem, aangesien hulle kwalik meer as Christene in die klassieke sin van die woord bekend kan staan; hulle het immers die klassieke Christologie vir 'n moderne Jesulogie ingeruil. Hulle standpunt staan in hoogspanning met die ganse apostoliese getuienis. En wat die reformasie van die kerk betref: dit was juis een van die hartare van die sestiende-eeuse Reformasie dat teruggekeer is na die apostoliese getuienis aangaande Jesus Christus as enigste Verlosser soos in die Skrif verwoord.

> As ons van die evangelie glo net waarvan ons hou en verwerp waarvan ons nie hou nie, is dit nie meer die evangelie wat ons glo nie maar onsself (Augustinus).

## 4.2 Die uitdaging ten opsigte van die eenheid van die kerk

Dit is 'n gemeenplaas om na die Suid-Afrikaanse samelewing as 'n diep verdeelde samelewing te verwys. As daar een "samelewingsverband" is wat genesend, helend en versoenend in so 'n samelewing kan inwerk, dan is dit die kerk van die Here – maar dan 'n verenigde en nie 'n onenige kerk nie! Hoe kan die kerk versoening in die samelewing preek as kerkgemeenskappe self onversoend – en soms selfs in openlike vyandskap – teenoor mekaar leef? Hoe kan die kerk liefde in die samelewing verwag, as kerke liefdeloos teenoor mekaar optree? Hoe kan die kerk harmonie in die samelewing verwag as die kerklike lewe een groot kakofonie is?

Die kerklike verdeeldheid soos ons dit vandag ken en met gelatenheid en selfs goedkeuring aanvaar, is totaal vreemd aan die Nuwe-Testamentiese kerkbeskouing. Dáár hoor ons van één Herder en één kudde (Joh. 10:16), van Christus wat hartstogtelik bid vir die eenheid van die kerk (Joh. 17:25), van één liggaam, één Gees, één hoop, één Here, één geloof, één doop, één God en Vader (Ef. 4:4-6) asook van 'n skerp afwysing van 'n Paulusgroepering, 'n Apollosgroepering, 'n Petrusgroepering en 'n Christusgroepering (1 Kor. 1:12). 'n Verdeelde kerk is volgens die Nuwe Testament 'n kontradiksie in terme, 'n vierkantige sirkel. Verdeeldheid tussen kerke val buite die voorstellingswêreld van die Nuwe Testament. Daar is geen indikasie in hierdie rigting nie, selfs nie so 'n suggestie nie. En tog gaan die separatisme van die kerk vandag ongehinderd voort en kom daar, naas die reeds bestaande 33 800 denominasies in die wêreld, nog elke dag 'n nuwe by (REC, 2000:3). Ons moderne kerkbeskouing is byna volledig gesekulariseer en as daar een plek is waar kerkhervorming broodnodig is, dan is dit ten opsigte van ons kerkbeskouing.

Maar terug na ons Suid-Afrikaanse kerklike situasie. Uit bostaande kan maklik (en tereg) die afleiding gemaak word dat daar by Suid-Afrikaanse kerke ’n veel groter bewoënheid ten opsigte van die eenheid van die kerk behoort te wees (soos by Calvyn die geval was), veral ten opsigte van die swart en wit kerke. Die drie Afrikaanse kerke voer al etlike dekades ’n gesprek oor eenheid en verdeeldheid, maar dit word hoe langer hoe meer ’n futiele gesprek indien die áárd daarvan nie grondig gewysig word nie. Net so ondenkbaar as wat dit sou wees indien die swart NGKA met die swart Gereformeerde Kerke oor kerkeenheid in gesprek sou tree (en vroeër die bruin NGSK en die bruin Gereformeerde Kerk), net so sinloos is dit vandag dat die wit NGK en die wit GKSA *onveranderd* met ’n eenheidsgesprek voortgaan. Die áárd van die gesprek moet grondig verander en uitgebrei word sodat die *NGK-familie* met die *GK-familie* in gesprek tree.[4] En as in hierdie proses daarin geslaag kan word om ook die wit NHKA en die swart HKSA by so ’n ekumeniese gesprek te betrek, kan dit die verhouding tussen hierdie twee kerkgemeenskappe ten goede beïnvloed. Die Konvent van Reformatoriese Kerke in Suid-Afrika is al ’n goeie oefenlopie in hierdie verband, maar die vraag na die verhouding tussen hierdie Konvent en die SARK sal ook vorentoe groter aandag moet ontvang.

In die gereformeerde tradisie baklei ons ons arms stompies teen ’n onheilige kerk en ’n onsuiwere teologie, maar ons gaan slaap elke aand sonder wroeging oor die onenigheid tussen kerke. Ons *bid* nie vir die eenheid van die kerk nie, ons *werk* kwalik daarvoor, ons *aanvaar* die verdeeldheid gelate en ons sal dit selfs teologies legitimeer. Soos reeds eerder opgemerk: ons kerkbeskouing is byna volledig gesekulariseer, die kerk is vir ons nie meer ’n unieke skepping van God nie, maar net nog een van die talle klubs in die samelewing waarby ’n mens na eie goeddunke en persoonlike voorkeur kan aansluit of waarvan jy kan wegbreek.

Indien ons van mening is dat die kerk van Christus werklik ’n genesende rol in die samelewing behoort te speel, sal ons veel meer erns moet maak met die gesprek oor eenheid, oor gesamentlike optrede en ’n eenparige profetiese getuienis.

---

4 Indien die NGK-familie sou verenig, uiteraard met die aanvaarding van die *Belydenis van Belhar*, sal dit tot gevolg hê dat hierdie Belydenis deel word van die voortgaande interkerklike gesprek en só ook op die agenda van die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika kom.

## 4.3 Uitdaging ten opsigte van die diakonale uitreiking van die kerk

Soos talle ander lande ter wêreld word die Suid-Afrikaanse samelewing gekenmerk deur ’n groot kloof tussen armes en rykes, welvarendes en kreperendes – by ons veral tussen swart en wit. Hierby kom die kritiek van veral die swart kant dat die wit mense vir minstens vyf dekades vanweë onregverdige politieke en ekonomiese strukture onregmatig bevoordeel is en dat swart mense dus regmatig kan aanspraak maak op regstellende aksie (ook ten opsigte van grondbesit). Voeg hierby die vraagstukke van armoede, werkloosheid en vigs en dis gou duidelik dat die kerk in hierdie opsigte voor enorme uitdagings staan.

Statistieke kan vermoeiend wees, maar dink net vir ’n oomblik daaraan hoeveel plakkerskampe die afgelope dekade soos paddastoele rondom ons opgespring het. Met ’n werkloosheidsyfer van tussen 4-8 miljoen en ’n vooruitskatting dat tussen die jare 2000-2010 tussen 4-7 miljoen mense aan vigsverwante siektes sal sterf, beweeg ons samelewing op baie dun ys. (’n Ruk gelede is in die media bekend gemaak dat 30% van die huidige arbeidsmag teen die jaar 2005 deur die vigsvirus besmet sal wees.)

Daar kan teologies en kerklik veel (en vrugteloos) getwis word oor die vraag of God ’n “God van die armes” is, maar daar behoort duidelike konsensus daaroor te wees dat God “op ’n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en verdrukte is” (Belhar). En ook dat die kerk van God dáár behoort te wees waar God is: by mense in nood. Waar ’n mens ook al die Bybel oopslaan, Ou of Nuwe Testament, by die Ou-Testamentiesse profete of by Jakobus, oral is die noodkreet duidelik hoorbaar: help die arme, die agtergeblewene, die kreperende, die misdeelde, die minderbevoorregte, die noodlydende, die behoeftige, die verontregte, die randfigure. In die oordeelsdag sal hierdie vraag – of ons die hulpelose gehelp het – ’n deurslaggewende rol speel (Matt. 25:31-46).

Vir die (veral ryk) kerk van vandag roep hierdie noodtoestand om ’n houdings- en mentaliteitsverandering as gevolg waarvan ons die nood rondom ons sal raaksien, daardeur geraak sal word en vervolgens iets konkreets – en skouspelagtigs – daaraan sal doen. Hoe kan ons ooit rustig op ons elektriese komberse gaan slaap as daar talle mense in hulle sinkkaias net ’n klipgooi van ons af verkluim van die koue? Kerke sal veel meer gesamentlik *betrokke* moet raak by mense in nood, sal groter verantwoordelikheid vir die nood moet aanvaar en hulleself veel meer moet *commit* om daadwerklik te help. Die kerk is God se priester in

hierdie wêreld – hierdie land – van nood, 'n priester wat toetree, wat intree, wat offer, ja wat – soos Christus – homself offer.

Dit is onverskoonbaar – amper skryf ek: onvergeeflik – dat daar duisende rande opgehoopte diakonale fondse onaangewend lê. Geld wat vir noodlydendes gegee is, moet so gou moontlik sy bestemming bereik.

Ek bepleit dus 'n omvattende aksie van alle kerke in Suid-Afrika om in bewoënheid en liefde uit te reik na mense in nood, 'n grootse poging om die probleem van armoede in die land planmatig, doelgerig, verbeeldingryk en konkreet te hanteer – waar nodig in samewerking met regeringsinstansies.

Die kerk moet God se diaken in Suid-Afrika wees.

### 4.4 Die uitdaging ten opsigte van die profetiese getuienis van die kerk

Die konsep van die "profetiese getuienis van die kerk in die samelewing" is 'n redelik nuwe gedagte wat eers sterk in die vorige eeu, veral in Duitsland (teen Nazisme) maar ook in Suid-Afrika (teen apartisme), ontwikkel het. Die Vroeë Kerk het (as klein minderheid) dit nie geken nie, ook nie die Reformasie van die sestiende eeu nie, altans nie soos dit in die twintigste eeu ontwikkel is nie. Tóé het samelewingsvraagstukke veral in die Sondagse Woordbediening ter sprake gekom. Tog het hierdie tema diep Bybelse wortels, veral as gekyk word na die getuienis wat die profete in die Ou-Testamentiese tyd in die samelewing gelewer het. 'n Regering, of regeerder, wat met moord probeer wegkom het, moes ontmasker word, soos Natan vir Dawid: "Jy is die man!" (2 Sam. 12:7).

Nou moet erken word dat die Afrikaanse kerke in die verlede nie juis rolmodelle op hierdie gebied was nie. Hulle het in die apartheidsjare eerder gebruik gemaak van "stille diplomasie" en hulle bekommernisse – vir sover dit bestaan het – aan die regering eerder agter geslote deure as in die openbaar bekend gemaak. Dat die Afrikaanse kerke geswyg het toe hulle (in die openbaar) moes gepraat het, maak dit natuurlik soveel moeiliker om vandag met integriteit te praat. Die vraag is dus tersake of hulle nie eerder nou maar moet swyg nie. Hoe kan hulle tans 'n geloofwaardige openbare getuienis lewer?

Ek is van mening dat die Afrikaanse kerke soveel sterker sou gestaan het indien hulle 'n openbare, ondubbelsinnige en sinodale skuldbelydenis oor die verlede sou uitgespreek het. Dat dit nog nêrens – só – plaasgevind het nie – ek praat nou nie van individuele skuldbelydenisse nie –

beteken natuurlik nie dat die kerke voortaan maar moet swyg nie. Daarvoor is die uitdagings te groot en die vraagstukke te dringend – ek verwys hier onder andere na misdaad, korrupsie, wanbestuur, rassisme en vigs. Maar Afrikaanse kerke sal – tot tyd en wyl – 'n baie meer beskeie, ingehoue en selfondersoekende profetiese rol moet vervul. Hulle mag nooit die indruk skep nie dat hulle nou skielik baie spraaksaam wil wees noudat hulle lidmate in baie opsigte deur 'n nuwe sisteem nadelig geraak word, maar dat dit nie juis 'n fout was om te swyg toe hulle lidmate in 'n vorige bedeling in baie opsigte baie bevoordeel is nie. Dit sou 'n klinkklare voorbeeld van kerklike opportunisme wees en die evangelie van Christus groot skade berokken.

Die kerk is die sout vir die aarde, die lig vir die wêreld en die suurdeeg vir die samelewing. Daarom sal die kerk in sy profetiese getuienis oor belangrike samelewingsvraagstukke moet praat. Maar dit moet op 'n kérklike wyse gedoen word, dit wil sê vanuit die evangelie van Jesus Christus. Dit geld dan vraagstukke soos korrupsie, misdaad en vigs, waar die regeringsoptrede tans wissel van onvoldoende, tot ondoeltreffend, tot uiters onverantwoordelik.

As voorbeelde van resente kerklike getuienis kan verwys word na die verklarings van die *Rustenburg-beraad 2* van Februarie 1999 asook na dié van die Konvent van Reformatoriese Kerke in Suid-Afrika van Maart 1999 (vgl. Van Wyk, 1999:1-2). Nog meer resent is die verklaring wat die Wes-Kaapse Alliansie van Reformatoriese Kerke (WARK) in Maart 2002 in verband met vigs uitgereik het[5] (*Die Kerkbode*, 1 Maart 2002:iv).

Ek lig egter veral een probleemveld uit, juis vanweë die onopsigtelike, kruipende en daarom verraderlike aard daarvan, en dit is die ekologiese krisis. Want die manier waarop en die tempo waarteen Suid-Afrika (en die wêreld) besoedel word – die omgewing, water en lug – is eenvoudig skrikwekkend. Ons is besig om die lewensruimte waarbinne ons as mense in vrede en harmonie moet saamleef, teen 'n asemrowende tempo te vervuil, te verniel en uiteindelik te vernietig. Ons situasie kan vergelyk word met 'n man wat min of meer suksesvol daarin slaag om sy beskadigde roeibootjie bo die water te hou, maar nie opmerk dat die damwal besig is om te breek nie.

Christene bely dat "die aarde en alles wat daarop is" aan die Here behoort (Ps. 24:1) en dat die mens die opdrag van Hom ontvang het om die aarde "te bewerk" en "op te pas" (Gen. 2:15). Die mens mag nie doen wat hy wil met sy omgewing nie, met die berge en riviere, die diere en

5 Genoemde getuienis is deur die outeur op versoek van 'n studiekommissie opgestel en met geringe wysigings deur die WARK aanvaar en vrygestel.

die plante nie. Hy mag van dit alles gebruik maak, maar dan op 'n uiters verantwoordelike manier. Die volgehoue verwagting van "groei in die ekonomie" is nie 'n ongemengde seën nie. As groei en ontwikkeling ten koste van omgewingsbewaring geskied, as groei ongehinderd gepaard gaan met milieuvervuiling, water- en lugbesoedeling, dan is ons besig om die pilare waarop die totale samelewing rus, ongemerk uit te kalwe.

Die kerk van Christus moet heftig prostesteer – nie net teen alle vorme van ontmensliking nie – maar ook teen alle vorme van dieremishandeling en ekologiese versteuring.

## 5. Uitleiding

Oorskou ons die afgelegde weg van die GKSA, dan is daar enersyds rede tot groot dankbaarheid teenoor die Here vir wat bereik is, maar andersyds ook skaamte oor geleenthede wat onbenut, aktiwiteite wat nagelaat en oortredings wat begaan is. Belangrik is egter dat uit die foute van die verlede belangrike lesse vir die toekoms geleer word.

Die kerk is altyd kerk-op-weg, op weg na 'n nuwe vaderland, na die Nuwe Jerusalem, na 'n nuwe hemel 'n nuwe aarde. Saamgevat, na die voltooide koninkryk van God. Die ontstaan, voortbestaan en voleinding van die kerk kan nie sonder die koms van die koninkryk van God verstaan word nie. As daar één aspek is wat die Reformasie van die sestiende eeu onderbelig het, dan is dit dié van die koninkryk van God – en daarmee saam die tema van die Christelike hoop. Die koninkryk van God is immers die sentrale tema van Christus se preke en wonderwerke, van sy kruis en opstanding. Dáároor gaan dit, ook vandag in Suid-Afrika. Nie of die kerk sy eie strukture onderhou nie, of sy eie beeld poets nie, of sy eie verlede regverdig nie, maar of die kerk diensmaagd is van God se nuwe ryk van vrede, vryheid, vreugde en geregtigheid.

## Bibliografie

DE KLERK, F.W. 1998. Die laaste trek – 'n nuwe begin. Die outobiografie. Kaapstad : Human & Rousseau.

DE KLERK, W.J. 1991. F.W. de Klerk: Die man en sy tyd. Kaapstad : Tafelberg.

DE KLERK, W.A. 1976. The Puritans in Africa: A story of Afrikanerdom. Harmondsworth : Penguin.

DU TOIT, J.D. 1977. Totius Versamelde Werke 7: Die staat, maatskappy, taal en kultuur. Kaapstad : Tafelberg.

DU TOIT, S. *et al., red.* 1969. Die koninkryk van God. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.

DURAND, J. 1985. Afrikaner piety and dissent. (*In* Villa-Vicencio, C. & De Gruchy, J.W., *eds*. Resistance and hope: South African essays in honour of Beyers Naude. Kaapstad : David Philip. p. 39-51.)

GKSA. 1942. Handelinge van die 27e sinodale vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika. Aliwal-Noord. Potchefstroom : Die Westelike Stem.

GKSA. 1958. Handelinge. Handelinge van die 33ste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Potchefstroom. Potchefstroom : Potch Herald.

GKSA. 1967. Handelinge. Handelinge van die vyf-en-dertigste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Potchefstroom : Potch Herald.

GKSA. 1991. Handelinge. Handelinge van die vier-en-veertigste nasionale sinode (van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika). Potchefstroom : Potchefstroom Herald.

HEYNS, J.A. 1979. Enkele aspekte van die Calvinisme. *Koers,* 44(4):230-236.

HEYNS, J.A. 1994. ’n Weerwoord. *Skrif en Kerk*, 15(1):156-176.

JONKER, W.D. 1998. Selfs die kerk kan verander. Kaapstad : Tafelberg.

LOUW, C. 2001. Boetman en die swanesang van die verligtes. Kaapstad : Human & Rousseau.

MAKER, A. 2001. Something new out of Africa: Christian and African spirituality meet to give hope for world humanity. *The Princeton Seminary Bulletin,* 22(2):185-202.

NAUDÉ, C.F.B. 1985. Op weg naar een belijdende kerk. (*In* Berkhof, H. *et al.* Met de moed der hoop: Opstellen aangeboden aan dr. C.F. Beyers Naudé. Baarn : Ten Have. p. 167-179.)

O’BRIEN GELDENHUYS, F.E. 1982. In die stroomversnellings: Vyftig jaar van die NG Kerk. Kaapstad : Tafelberg.

OLIVIER, H. 1997. Skuldbelydenis en versoening – ’n Ou-Testamentiese perspektief. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, 38(1&2):103-114, Maart & Junie.

REC: The Reformed Ecumenical Council News Exchange. 2000, 37(2), February.

VAN JAARSVELD, F.A. 1971. Van Van Riebeeck tot Verwoerd 1952-1966. Johannesburg : Voortrekkerpers.

VAN WYK, J.H. 1993. *Homo Dei*: ’n Prinsipiële besinning oor enkele mens-beskouings, waaronder dié van Calvyn. Supplementum 1, *In die Skriflig.*

VAN WYK, J.H. 1999. Profetiese getuienis in die Suid-Afrikaanse samelewing. *Woord en Daad*, 367:1-2.

VAN WYK, J.H. 2001. Geloof, etnisiteit en kontekstualiteit: ’n Ondersoek na hulle relasie en relevansie vir kerk- en Christenwees. *In die Skriflig*, 35(3):347-371.

**Kernbegrippe:**

gereformeerd-wees vir 350 jaar
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
negatiewe gestaltes van gereformeerd-wees
positiewe gestaltes van gereformeerd-wees
uitdagings vir gereformeerde kerke vandag

**Key concepts:**

being reformed for 350 years
challenges for reformed churches today
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
negative configurations of being reformed
positive configurations of being reformed